

KOÖPERATIEWE BROEI- GEWOONTES VAN SEKERE VRYSTAATSE VOËLS

R.A. Earlé

Alhoewel die meeste voëlspesies in die broeiseisoen mannetjie-wyfie-pare vorm en dan broei, is daar ander spesies wat 'n ander strategie volg en ook baie suksesvol broei. Die term *koöperatiewe* broei word algemeen gebruik wanneer ander individue van dié soort die broeipaar help om die nes te bou, die eiers uit te broei of om die kuikens in die nes te voer. Die teenwoordigheid van hierdie "helpers by die nes" is aanvanklik as 'n rare verskynsel beskou maar verskeie studies die afgelope aantal jare het bewys dat die koöperatiewe broeistrategie redelik wydverspreid en by 'n groot aantal voëlsoorte voorkom. Die redes waarom sekere voëlspesies koöperatiewe broei bo enkelpaarbroei verkies, is net so uiteenlopend soos die voëlsoorte.

Die hoogste vorm van koöperatiewe broei kom in die insekwêreld voor. By heuningbye of by termiete help almal om die kleintjies van die koningin, die moeder van almal, groot te maak. Sulke onselfsugtige gedrag kom egter selde by voëls voor en daar is gewoonlik ander redes waarom sekere individue behulpsaam is by 'n nes van 'n ander paar in plaas daarvan om self te broei. In baie gevalle is die helpers van 'n paar voëls na verwant aan die broeipaar, gewoonlik die ouer kuikens uit 'n vorige broeisel. By die Familievoël begin die kuikens uit 'n vorige broeisel help om die volgende broeisel te versorg wanneer hulle self slegs 25-30 dae oud is. Die kuikens doen dit heel waarskynlik om ondervinding op te doen. Dit is by verskeie voëlspesies bewys dat dié individue wat reeds voorheen gebroei het, meer suksesvol is as dié wat vir die eerste maal broei. By ander voëlsoorte, soos die Koringvoël, help verskeie volwasse sowel as jong voëls die broeipaar om die kuikens in die nes te voer. Hierdie "helpers" by die Koringvoëlneste is dikwels glad nie verwant aan die broeipaar nie en dit is moeiliker om te bepaal waarom die individue verkies om "helpers" in plaas van "broeiers" te wees. In die onlangse studie van hierdie Koringvoëls naby

Bloemfontein het verskeie feite aan die lig gekom wat moontlik 'n verduideliking verskaf waarom dié voëls koöperatief broei. Daar is onder andere bevind dat die jong wyfies geneig is om van een kolonie na die volgende te beweeg, waarskynlik in die hoop om 'n gebied te vind waar 'n gevestigde mannetjie nie 'n wyfie het om mee te paar nie. Aangesien sulke mannetjies nie maklik beskikbaar is nie, is dit natuurlik voordelig om, by die kolonie waar die jong wyfie haar bevind, te help met die grootmaak van die kuikens en dus so ondervinding op te doen. Koringvoëlmannetjies aan die ander kant verkies om in die kolonie waar hulle uitgebroei het te bly, blykbaar in die hoop om die gebied van die broeiende mannetjie, sy vaar, te "erf" wanneer dié sou doodgaan.

Die oorkoepelende rede waarom die Koringvoel waarskynlik koöperatief broei is moontlik die tekort aan geskikte habitat vir die voëls. Die voëls het redelike kaal grond, soos uitgetrapte krale of versteurde gebiede langs paaie nodig om te wei. Sulke gebiede met groot bome vir nesbou is nie ooral beskikbaar nie en dus is daar moontlik te veel voëls van die spesie vir die beskikbare habitat, wat die voëls dwing om koöperatief te broei.

Twee ander voëls wat algemeen in die Vrystaat voorkom en koöperatief broei, is die Witgatspreeu en die Kleinglansspreeu. Albei spesies broei in gate, eersgenoemde in sandbanke of klipskure en laasgenoemde in hol boomstamme. By spreeus is daar gewoonlik een tot drie helpers by 'n spesifieke nes en almal help om die kuikens te voer.

In die geval van party byvreter spesies, soos die Rooikeelbyvreter, is daar ook by sommige van die neste helpers. Interessant egter is dat al hierdie helpers mannetjies is, waarskynlik omdat daar ongeveer twee maal soveel mannetjies as wyfies in enige kolonie is.



'n Koringvoelkolonie wat bestaan uit 'n groot aantal individuele slaapneste. Slegs een nes word vir broei-doeleindes gebruik.

'n Aantal van ons bekende watervoëls, soos die Bleshoender, vertoon ook koöperatiewe broeigewoontes. By dié voëls voer en verdedig die kleintjies van 'n eerste broeisel die nuwe kuikens, wat die ouers meer kans gee om te rus en kragte op te bou na die broeiperiode.

By vele ander Vrystaatse voëls is daar sterk aanduidings van koöperatiewe broeigewoontes. By verskillende muisvoëlspesies lê twee wyfies dikwels eiers in dieselfde nes en daar is

aanduidings dat meer as een individu die kuikens voer. 'n Ander baie bekende voël is die Swart Piek wat gereeld in groepies van twee tot ses individue saam gesien word en dit het uit 'n oppervlakkige studie geblyk dat jong voëls vir meer as een seisoen in hul ouers se gebied bly.

Ek is oortuig daarvan dat daar nog baie voëls rondom ons is, wat koöperatiewe broeigewoontes het; ons het hulle nog net nooit raakgesien nie!



“HE WHO WILL NEVER KEEP A PENNY WILL NEVER HAVE MANY”

Mej. E. du Toit

Vanaf Julie tot Oktober 1984 word 'n aantal spaarbussies uit die privaatversameling van mnr. Mervyn Emms, die direkteur van die Poskantoor museum in Pretoria, in die Nasionale Museum uitgestal.

Mnr. Emms se belangstelling in spaarbussies het ontstaan nadat hy 'n artikel geskryf het oor die enigste spaarbussie wat ooit deur die Poskantoor uitgereik is. Dié spaarbussie het bekend gestaan as “Home Safe” en sedert 1936 tot 1938 is 3 390 daarvan uitgereik waarna die projek gestaak is. Mnr. Emms was nie van plan om spaarbussies

vir die Poskantoor museum te versamel nie, tensy dit direk aansluit by die tema van die museum. Mnr. Emms se belangstelling was egter geprikkel en sedertdien het hy begin om sy privaatversameling so op te bou dat dit tans sowat 440 verskillende spaarbussies insluit. Die versameling bestaan hoofsaaklik uit voorbeelde uit die Negentiende en Twintigste eeu.

Spaarbussies, soos wat dit vandag bekend is, is reeds eeue lank deel van 'n mens se daaglikse lewe. Argeologiese opgrawings toon dat spaarbussies algemeen bekend was aan en besit